

15 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 32
Fokusgedeelte: Eksodus 32:23, 28, 29, 31-34

Afgodsdien – 'n getuigenis tot die dood!

Die volk se ongeduld met die verdwyning van Moses het 'n eindpunt bereik – en nou soek hulle 'n ander god. Hulle is moeg om te wag vir Moses en is nou haastig na die beloofde land toe. Die probleem was dat Moses vir hulle die versinnebeelding van God geword het. Kan jy jou egter dit indink – God het, terwyl Hy besig was om met Moses te praat bo-op die berg, geweet van die volk se opdrag aan Aäron, geweet van die goue kalf, geweet van die feesvieringe, geweet van die afgodery!

Moses egter nie – want vol moed en geloof en met die twee kliptafels wat deur God self gegraveer is, stap Moses van die berg af. Wat 'n absolute antiklimaks begroet hom! Soveel so dat hy die kliptafels aan stukke gooi! Dan stel hy die Here, die Lewende, teenoor 'n lewelose afgod, hier in die vorm van 'n goue kalf, wanneer hy roep: “Wie vir die HERE is, kom na my toe!” Die Leviete maak dan op daardie dag omtrent 3 000 mense dood!

Afgodery is om in die plek van die enige ware God, of naas Hom (dus terwyl jy Hom ook nog oënskynlik dien), iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel. (HK, v/a 95) Afgodery is om God nie meer te dien nie, Hom nie meer met jou hele lewe te vertrou nie, Hom nie meer onvoorwaardelik op sy woord en Woord, Jesus Christus, te neem nie. Afgodery is om die band met die enigste God wat die ware lewe gee, af te sny. Afgodery is om eenmaal vir ewig te sterf en deur God verlaat te wees.

Daarom pleit Moses vir die volk. Hy bied selfs aan om self die straf te dra, as die HERE sy volk maar net sal vergewe. Helaas, middelaar tussen 'n volk en haar God, kon hy nie wees nie.

Maar Jesus kon en was en is tot in ewigheid die Middelaar! Glo met jou hele hart in Hom, gee jouself aan Hom oor, vertrou Hom ten volle, al lyk die toekoms ook hoe duister en al kan ons Hom nie nou sien nie. In Hom alleen is lewe!

Sing: Skrifberyming 33 (2-4):1, 2, 3

Ds. LSD du Plessis (Groblersdal)